

18 September Numeri 9:15-10:10; (Teks: 9:17,18)

Die Here bepaal die koers, lengte en fases van my lewe

Die wolk was die Here se manier om Hom aan sy volk bekend te maak. 'n Wolk is sigbaar; God is 'n werklike God, Hy is daar. 'n Wolk is ook bedekkend; niemand kan sê "ek weet alles oor God" nie. Hierdie wolk beweeg ook en die opdrag is dat die volk agter die wolk moet aantrek as dit verder gaan op pad na die beloofde land toe. God bepaal hoe my lewe sal verloop na my eindbestemming toe. Ek het my eie idees oor hoe ek my lewe afgeloop wil hê, oor my werk, huwelik, aftrede, my kinders, my gesondheid, ens. Maar baie keer bepaal God dit anders.

Hy bepaal hoe lank my pad sal wees. Israel wou sekerlik gou by hulle eindbestemming kom. Toe neem die Here hulle met 'n ompad van bykans 40 jaar. Sommige mense word 90 jaar oud, soms begrawe ons 'n kind.

Die Here bepaal ook die fases waarin jou lewe verloop: Die wolk bly soms twee dae, ander kere weer 'n maand of langer op een plek, So verloop ook ons lewens in fases. Fases op verskillende dorpe, skole, werknemers, beroepe, kinders grootmaak, aftrede, ens.

Hieruit leer ons hoe om die lewe te hanteer: Eerstens om op die Here te wag. Nie haastig te wees en te sê: NOU wil ek dit so hê nie. Sy tyd is nie altyd ons tyd nie. Op die tyd wat Hy bepaal het, het Hy sy Seun gestuur. Ook die tyd van die wederkoms ken Hy alleen. Hy weet ook waarheen Hy met jou op pad is. Ons moet vir die Here sê: "Laat U wil met my lewe geskied". Die Here vra dat ons sal volg waar Hy ons lei, terwyl ons vashou aan sy beloftes wat ons uit sy Woord leer - die dinge wat ons weet. Vir die dinge wat ons nie weet nie, moet ons op Hom vertrou en Hom vertrou.

Sing: Psalm 90:1,2,8

Ds. P.H. Fick (Springs)